

wat in Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge belangstel. Die samestellers verdien lof vir hulle groot werk.

Otto Terblanche

Universiteit van Port Elizabeth

Baanbrekerswerk oor die geskiedenis van Afrikaans

E.L.P. Stals en F.A. Ponelis, *Só het Afrikaans na Namibië gekom; Hollands-Afrikaans in Namibië vóór die koloniale tyd.*

Gamsberg Macmillan, Windhoek, 2001

160 pp

ISBN 99916-0-294-1

Prys: R60

Die bekende historikus E.L.P. Stals, wat reeds 'n belangrike bydrae gelewer het tot die optekening van die Namibiese geskiedenis, se jongste publikasie, wat in samewerking met die Stellenbosche taalgeleerde F.A. Ponelis geskryf is, is 'n interessante studie in taalgeskiedenis, wat ook nuwe lig werp op die sosiale en kulturele geskiedenis van Namibië.

In hierdie werk word die vraag beantwoord hoe Afrikaans, wat vandag in Namibië deur 'n groot deel van die bevolking gepraat word, in hierdie land posgevat het. Anders as wat dikwels geglo word, is dit nie in die eerste plek blanke koloniste en amptenare uit Suid-Afrika wat Afrikaans in Namibië gevestig het nie, maar groepe soos die Oorlams, die Basters en die Nama. Afrikaans is reeds in die eerste helfte van die agtiende eeu in Namibië gehoor en daarom handel Stals se verhaal oor die periode in die Namibiese geskiedenis voor die Duitse kolonisasie van 1884.

Uit die kort historiografiese oorsig in die eerste hoofstuk blyk dit dat daar enkele studies oor aspekte van die geskiedenis van Afrikaans in Namibië bestaan waarvan gebruik gemaak kon word. Stals het hierbenewens 'n groot aantal bronne, insluitende ou reisbeskrywings en argiefstukke, benut, op grond waarvan hy in hoofstuk 2 (wat ongeveer die helfte van die boek beslaan) 'n oorsig gee van die proses waarvolgens Afrikaans geleidelik in verskillende dele van die land gevestig is. Hy onderskei twaalf gebiede as sentrums waarin Hollands-

Afrikaanse gemeenskappe gevestig is. Die eerste gebied waaroor hy handel, is die gebied rondom Warmbad net noord van die Oranjerivier. Hy verduidelik dat die Namastamme wat in die agtiende eeu hier gewoon het met Hollands-Afrikaans in aanraking gekom het toe 'n groep Oorlams, wat Hollands-Afrikaans gepraat het, die gebied binnegedring het. Daarna het sendelinge van die Londense Sendinggenootskap hulle daar gevestig en Nederlands (of Hollands, soos Stals daarna verwys) as kommunikasietaal gebruik het. Hulle het skole gestig waar die onderrig aan die inheemse bevolking in Nederlands plaasgevind het. Hoewel die Namataal as moedertaal nie verdwyn het nie, het Hollands-Afrikaans 'n algemene omgangstaal in hierdie gebied geword. In ander gebiede het soortgelyke ontwikkelinge plaasgevind. Stals gee 'n deeglike beskrywing van die ontwikkelinge in die verskillende landstreke. Hy verskaf soms soveel besonderhede dat 'n mens verdwaal raak tussen die feite, maar 'n samevattende paragraaf aan die einde van die meeste afdelings sorg daarvoor dat die geheelbeeld tog behoue bly.

Hierna volg 'n kort hoofstuk waarin Stals die faktore ontleed wat daartoe gelei het dat Afrikaans in Namibië posgevat het. Ontwikkelinge wat in die vorige hoofstuk ten opsigte van verskillende gebiede in Namibië beskryf is, word hier dus vergelyk en bespreek. Die eerste van die vyf faktore wat hy identifiseer, is die stukrag vanuit die Kaapkolonie, wat insluit die verhuising van Hollands-Afrikaanssprekende Oorlams, Basters, slawe en blanke veeboere na die gebied oorkant die Oranjerivier, asook die verspreiding in die gebied van sendelinge wat daaraan gewoon was om in die Kaapkolonie Nederlands te gebruik. 'n Verdere faktor is dat Hollands-Afrikaans in die behoefte aan 'n algemene omgangstaal te midde van taalverskeidenheid kon voldoen en ook in formele sake, soos die opstel van verdrae, gebruik is. Hierbenewens is daar die belangrike rol wat sendingwerk en onderwys gespeel het, die tegniese meerderwaardigheid en hoër status van die kultuur van die Afrikaanssprekendes teenoor dié van, onder meer, die Namaspreekendes en die militêre en politieke mag wat Afrikaanssprekende groepe soos die Oorlams in Namibië uitgeoefen het.

Ponelis, wat Stals in sy navorsing bygestaan het, is alleen verantwoordelik vir hoofstuk 4. Die nege bladsye van hierdie hoofstuk bevat interessante inligting oor besondere taalverskynsels in vroeë Namibiese Afrikaans, wat as 'n deel van die noordwestelike Afrikaanse dialek beskou kan word. Vir nie-taalkundiges is hierdie hoofstuk taamlik tegnies. 'n Mens sou hier ook 'n kort algemene oorsig van die ontwikkeling van Afrikaans en sy verskillende variante wou hê sodat die ontwikkeling van Namibiese Afrikaans binne 'n wyer konteks gesien kan word.

In die slothoofstuk word houdings teenoor Hollands-Afrikaans bespreek. Hierdie hoofstuk oorspronklik heelwat met die voriges, maar fokus veral op vroeë soos hoe sendelinge, inboorlinge en ander mense in Namibië oor die taal gedink het en hoe Hollands-Afrikaans teenoor ander tale van die land ontstaan het. Die hoofstuk eindig met die posisie teen 1884. Dit sou tog van waarde gewees het as daar in 'n epiloog 'n kort oorsig oor latere ontwikkelinge rakende die taal gegee is. Wat was die houding van die Duitse owerheid en die Duitse koloniste en later van die Suid-Afrikaanse regeerders teenoor Afrikaans? Moontlik wil Stals hierdie tema in 'n volgende publikasie behandel.

'n Belangrike pluspunt van die boek is dat dit 'n groot aantal illustrasies bevat. Daar is onder meer foto's van inheemse leiers en sendelinge en afdrukke van sketse wat deur vroeë besoekers aan Namibië gemaak is.

Stals lewer met hierdie publikasie belangrike baanbrekerswerk op 'n terrein van die Suider-Afrikaanse geskiedenis waarvoor historici nog min navorsing gedoen het. Hoewel daar al heelwat deur taalkundiges oor die geskiedenis van Afrikaans geskryf is, het die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele konteks waarbinne die taal ontwikkel het meesal nie baie aandag ontvang in hierdie publikasies nie. Die vestiging van 'n taal in 'n bepaalde gebied het gewoonlik belangrike gevolge op alle samelewingsterreine en dit is daarom noodsaaklik dat historici ook aan hierdie aspek van die geskiedenis aandag gee. Stals en Ponelis toon verder dat interdisiplinêre werk op hierdie terrein goeie vrugte kan afwerp en 'n mens hoop dat hulle baanbrekerswerk ander navorsers sal aanmoedig om studies oor die verspreiding van Afrikaans en ander tale in die verskillende dele van Suider-Afrika te onderneem.

P. de Klerk

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Reference works on South African history

P. Joyce, *South Africa in the 20th Century chronicles of an era*.

Struik, South Africa, London, Australia & New Zealand, 2000.

Hard Cover

Photographs, Index and Further Reading List

Historia, 47(2), November 2002, pp. 773-790